

## TROFEEKOMPETISIE

### BEREKENING – PUNTE & PERSENTASIES –

#### 1. GROOT KAMPIOEN: SENIOR LEDE

Hierdie afdeling is vir lede soos omskryf in ons grondwet onder die hofie lidmaatskap – paragraaf 6 wat lees;

“manlike en vroulike persone bo die ouderdom van 16 jaar ...”. Verder lees die reëls dat: “Hierdie beker word toegeken aan die senior lid wat in totaal die meeste punte vir ‘n maksimum van 5 (vyf) inskrywings kry...”. Let op die woord maksimum. Die mededingers kan ook minder trofeë inskryf en as die gehalte (lengte van die horings en/of die gewig van tande) vër bo die gemiddelde is, kan hy ten spyte van minder as vyf inskrywings nog die beker verower. Die rede is eenvoudig. Die puntetelling word toegeken met die vereniging se rekord (van daardie betrokke boksoort) as standaard en ‘n gegewe stel punte wat as norm dien.

Laat ons net eers kyk waar die gegewe stel punte vandaan kom en hoekom dit verskil van spesie tot spesie.

‘n Blesbok is volop in die Vrystaat en relatief maklik om te jag. Dit is ook redelik goedkoop (soms wonder ek) en daarom tel ‘n Blesbok 5 punte.

‘n Vaalribbok daarenteen is baie skaars, hulle is duurder en moeiliker om te jag. ‘n mens moet ‘n spesiale permit hê want die boksoort is beskerm. ‘n Vaalribbok tel dus 9 punte. L.W. hierdie puntelys is al verskeie kere gepubliseer.

Kom ons aanvaar lid A neem deel en skryf ‘n Blesbok met horinglengte van  $18 \frac{1}{4}$ ” in vir hierdie afdeling. Die klubrekord staan op  $19 \frac{1}{8}$ ” en die maksimum punt vir ‘n Blesbok is 5.

Lid B skryf weer ‘n Vaalribbok in met ‘n horinglengte van  $9 \frac{1}{8}$ ”. Die klubrekord staan tans op  $10 \frac{5}{8}$ ” en soos ons verduidelik het is die maksimum punt vir ‘n Vaalribbok 9 punte. Die formule vir die berekening van die punte is:

$$\text{Punt behaal} = \frac{\text{lengte (van horing)} \times \text{maksimum punt}}{\text{klubrekord}}$$

In geval van A is dit:

$$18 \frac{1}{4} \times 5 \quad (18 \frac{1}{4} = 18,25)$$

$$19 \frac{1}{8} \quad (19 \frac{1}{8} = 19,125)$$

$$= 4,77 \text{ punte}$$

punte

In geval van B is dit:

$$9 \frac{1}{8}'' \times 9 \quad (9 \frac{1}{8}'' = 9,125)$$

-----  
 $10 \frac{5}{8}'' \quad (10 \frac{5}{8}'' = 10,625'')$   
=7,73 punte

In hierdie voorbeeld is B dus die wenner met 7,73 punte teenoor A se 4,77 punte.

Moet nie A nou afskryf nie – daar is altyd ‘n ander afdeling as hy sy trofeereëls ken! Onthou, soos voorheen genoem kan ‘n maksimum van 5 verskillende soorte wild ingeskryf word. In so ‘n geval word elke wildsoort se punte uitgewerk soos in die voorbeeld en die punte van die 5 word bymekaargetel.

## 2. GROOT KAMPIOEN: JUNIOR LEDE

Die hele storie is presies dieselfde as die voorafgaande behalwe dat hierdie afdeling daargestel is vir junior lede. Volgens paragraaf 6.2.2 is ‘n juniorlid “... kind nie jonger is as 10 jaar of nie ouer is as 16 jaar nie.” In hierdie twee afdelings naamlik die senior en junior groot kampioen is dit moontlik om meer punte vir ‘n trofee te verdien as wat daar toegestaan is, byvoorbeeld:

B se vaalribbokhorings is 11 duim lank, d.w.s. langer as die bestaande rekord. Volgens die formule sou hy dan die volgende punte ontvang het.

$$11'' \times 9$$

-----  
 $10 \frac{5}{8}''$   
= 9,31 punte

## 3. BINNELANDSE KAMPIOEN: SENIOR LEDE

In hierdie afdeling word ‘n beker toegeken vir die hoogste persentasie behaal deur ‘n maksimum van 5 (vyf) van die onderstaande spesies as trofeë in te skryf.

Blesbok	Springbok
Koedoe	Gemsbok
Blouwildebees	Vlakvark
Grys duiker	Bosbok & Chobi Bosbok
Steenbok	Rooibok
Grysbok	Rietbok
Bobbejaan	Sasseby
Rooijakkals	Klipspringer
Nyala	Bosvark
Rooikat	Eland
Waterbok	Swartwildebees

70

Rooiribbok & Vaalribbok    Hartebees  
Bontebok

As ons nou na al hierdie soorte wild kyk, sal ons sien dat hulle die mees algemene wild is wat die gewone jagter kan jag. Wildsoorte soos leeus, luiperds, swartwitpense en baster gemsbokke is nie by die groep ingesluit nie. Hierdie 19 bokke is die “binnelandse” bokke – vandaar die naam van die afdeling. Die vraag is nou: Hoe word die persentasie van die inskrywings bepaal? Eenvoudig! Die horinglengte word uitgedruk as ‘n persentasie van die Afrika rekord, byvoorbeeld:

A skryf weer sy blesbok van 18 ¼” in. Die Afrika rekord volgens Rowland Ward se nuutste uitgawe is 20 duim. Die formule is:

$$\begin{array}{r} \text{Persentasie} = \text{horinglente} \times 100\% \\ \hline \text{Afrika rekord} \times 1 \\ \\ 18\frac{1}{4}'' \times 100\% \\ \hline 20'' \end{array} = 91,25\%$$

B het vol vertroue ook weer sy vaalribbok ingeskryf. Die lengte was 9 ½” en die Afrika Rekord staan op 11 ½”

$$\begin{array}{r} \text{Presentasie} = 9\frac{1}{8}'' \times 100\% \\ \hline 11\frac{1}{2}'' \times 1 \end{array} = 79,34\%$$

Dus is A in hierdie geval die wenner met 91,24% teenoor B se 79,34%.

Let op dat in hierdie afdeling die toegekende punte geen rol speel nie, die klubrekord speel ook geen rol nie – slegs die Afrika rekord.

### 1. BINNELANDSE KAMPIOEN: JUNIOR LEDE

Hierdie afdeling is dieselfde as afdeling 3, behalwe dat dit alleenlik vir junior lede is.

### 2. OLIFANTBUL

In hierdie afdeling en in al die afdelings wat hierna volg, neem seniors en juniors aan dieselfde afdeling deel. Daar is dus geen onderskeid nie. Die puntebepaling is ook eenvoudiger. In hierdie geval sal die wenner eenvoudig die inskrywings wees wat die swaarste tand ingeskryf het.

### 3. OLIFANTKOEI

Dieselfde as afdeling 5 – net tand van ‘n koei.

#### **4. LEEU**

Hier word ‘n beker uitgelooft vir die grootste leeuskeedel. Dit kan ‘n mannetjie- of ‘n wyfieleeu wees. Die somtotaal van die lengte plus breedte van die skeedel bepaal die wenner.

#### **5. LUIPERD**

Die beker vir die luiperd word op dieselfde wyse as die leeu toegeken. Let wel, vroeër was hierdie somtotaal deur twee gedeeltes en tot nou toe kan niemand my sê hoekom nie en derhalwe het die vereniging se lede besluit om die praktyk te staak.

#### **6. BUFFEL**

In hierdie afdeling word slegs die horings van bulle toegelaat omdat die horings van koeie baie keer langer of wyer is as die van bulle. Die palms van die koeie is egter klein en in die jagwêreld word die koei se horing nie eintlik as ‘n trofee erken nie. Die wydste/langste horingsstel in Rowland Ward naamlik ‘n buitewydte van 64 duim is die van ‘n koei. Dit is ook die enigste koei wat aangeteken is in Rowland Ward. Om die wenner te bepaal word die somtotaal van die volgende afmetings van die horings bymekaargetel:

- A) Die buitewydte
- B) Die langste horing
- C) Die wydste palm x2

Die horings met die grootste somtotaal is die wenner.

Let daarop dat die buffelrekord wat in die vereniging se rekordboek aangeteken word slegs die buitewydte van die horings is. Dit het tot gevolg dat dit wel moontlik kan wees dat twee deelnemers dan inskryf en dat een deelnemer die rekord mag verbeter en die ander deelnemer die buffelbeker mag verower.

#### **7. WOUDWILD**

Wildsoorte wat onder hierdie afdeling sou inpas, is die soorte wat hoofsaaklik in digte bosse aangetref sal word.

- a) Bosbok
- b) Suni
- c) Blouduiker
- d) Rooi duiker
- e) Geelduiker
- f) Bosvark
- g) Bongo
- h) Njala



Die horings/tande van die hoogste persentasie teenoor die Afrika rekord behaal is die wenner. Dieselfde formule word gebruik as vir die Binnelandse Kampioenskap.

### 11. BERGWILD

Presies dieselfde as vir afdeling 10, maar in hierdie geval word boksoorte wat hoofsaaklik in die berge voorkom, ingeskryf:

- |                 |                         |
|-----------------|-------------------------|
| a) Vaalribbok   | d) Barbarynse bergskaap |
| b) Rooiribbok   | e) Ibex                 |
| c) Klipspringer | f) Bergnjala            |

### 12. VLAKTEWILD

Dieselfde as vir afdelings 10 en 11. Wild wat hoofsaaklik onder hierdie afdeling ingeskryf word is:

- |                       |              |
|-----------------------|--------------|
| a) Blesbok            | f) Bontebok  |
| b) Witbaard wildebees | g) Kob       |
| c) Gemsbok            | h) Puku      |
| d) Swartwildebees     | I) Springbok |
| e) Oorbietjie         | j) Topi      |

### 13. SANANNAWILD

Wildsoorte wat in hierdie afdeling ingeskryf word is die soorte wat in die warmer savanna (bosveld) streke voorkom:

- |                       |                    |
|-----------------------|--------------------|
| a) Bastergemsbok      | h) Hartebees       |
| b) Grysduiker         | i) Rietbok         |
| c) Blouwildebees      | j) Waterbok        |
| d) Rooibok            | k) Vlakvark        |
| e) Swartwitpens       | l) Basterhartebees |
| f) Damaraland Dik-dik | m) Koedoe          |
| g) Eland              | n) Steenbok        |

### 14. ANTILOOP

Hierdie afdeling is oop vir senior en juniorlede. Die doel van hierdie afdeling is om, wanneer 'n spesifieke bok 'n baie goeie horinglengte het, erkenning aan so 'n trofee te gee.

Die status van hierdie afdeling is heelwat verlaag deur die afdeling wat vir individuele spesies geskep is. Die idee van die antiloopbeker was om die beste antilop, wat 'n lid mag inskryf, te beloon. Die formule is weereens die lente van die langste horting as 'n persentasie van die Afrika rekord. Die hoogste persentasie bepaal die wenner.

*Tessie  
Gysel*

## 15. INDIVIDUELE BOKSOORTE

Vir die langste horing van die individuele boksoorte word daar ook 'n beker en/of medaljon gegee.

## 16. KLEINWILD

Om die kleinwildtrofee sal op dieselfde basis meegeding word as vir die woud-, berg-, vlakke-, en savannawildtrofeë, behalwe dat die gemiddeld van drie van die spesies se horings as persentasie van die Afrika rekord bereken sal word om die wenner te bepaal. Die spesies betrokke is die steenbok, grys duiker, oorbietjie, grysbok, blou duiker, suni, klipspringer en rooi duiker.

3  
%

## 17. PROBLEEMDIER

Die probleemdiertrofee sal op 'n puntstelsel beslis word deur die volgende bekende formule te gebruik:

Afmeting van skedel x maksimumpunt

-----  
klubrekord

L+B

Die spesie hier betrokke is die rooijakkals, rooikat en bobbejaan.

Rooijakkals:

$$\frac{? \times 5}{10,38}$$

Rooikat:

$$\frac{? \times 6}{10,25}$$

Bobbejaan:

$$\frac{? \times 5}{13,94}$$

Hyena is nie

probleemdiër nie